die Christelike Vrou

NHSV Dinamies vorentoe

Redaksie
Magda van Deventer (redakteur)

Giesela Schwarzer Thea van Rooyen
Annerie Conradie Bep du Toit Yvette Otto
Natasha Beyers Hannelie Botha Ansie Celliers

Net nie nou nie! Van uitstel kom Afstel...

Ek onthou nou net van die werkie wat ek nog moet doen. Ag, môre sal ek daarmee begin, want vandag het ek nog ’n paar ander dinge wat ek wil doen. Môre is daar so baie om te doen, dat ek dink, wel, daar’s darem nog ’n week oor, en dat ek weer uitstel. En so, ’n week later, moet ek krisisbestuur doen...

Die meeste van ons is bekend met hierdie scenario. En elke keer besluit ons ons sal dit nie weer aan onsself doen nie. Maar helaas, as ons weer sien, is ons in dieselfde situasie!

Integriteit is ononderhandelbaar. Nina Smit sê in ’n Bybelse dagboek vir vroue, ’n suksesvolle vrou is ’n vrou wat altyd doen wat sy beloof het. Sy is iemand wat mense betyds inlig as sy nie haar beloftes sal kan nakom nie. As jy nie jou woord gestand doen nie, verloor mense hul respek vir jou. Ons moet dit ’n prioriteit maak om nie van ons beloftes te *vergeet* nie, en dit na te kom. Die Prediker sê ons moet alles wat ons hand vind om te doen, met toewyding doen, want in die doderyk waarheen ons op pad is, is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie (Pred 9: 10).

Dit is omdat ons soms so opsien teen ’n taak dat ons dit bly uitstel. Dis vir ons baie makliker om dinge uit te stel as om dit te doen. Die probleem is dan dat as ons iets lank genoeg uitstel, dit maklik gebeur dat daardie taak nooit gedoen word nie. Dit help om die taak waarteen ons so opsien, in klein hanteerbare onderdele te verdeel. Dit help ook om die onaangename pligte heel eerste te doen. As dit klaar is, sal die res sommer soos kinderspeletjies lyk.

Ons lees van verskillende persone in die Bybel, van Samuel, Dawid, Daniël en Timoteus, wat betroubaar was. Hulle is ook vir ons ’n voorbeeld van mense wat gedoen het wat hulle beloof het. Juis omdat ons aan God behoort, moet ander mense ons kan vertrou en op ons woord kan staatmaak.

Ons beloof soms ook vir die Here dinge wat ons dan nalaat om te doen! God is absoluut betroubaar en regverdig. Spreuke 30: 5 bevestig dat elke belofte van God betroubaar is. Ons kan altyd volkome op God en sy beloftes vertrou. Hy sal ons nooit teleurstel of in die steek laat nie. Kom ons streef daarna dat dit van óns ook waar is.

Ansie Celliers

Yvette Otto

Kom loer in by Bakkiesblad

Is dit die nuutste tydskrif vir ligte vragmotors, ’n blad vir die maak van sop- of poedingbakkies? O nee, dit is ’n kuberruimte, en die bakkies waarin ander mense vaskyk, is joune! Daar is ’n nuwe manier om gesig te wys en gou-gou by iemand in te loer – kom ontmoet die Bakkiesblad.

Hierdie neologisme is beter bekend in Engels as *Facebook*. Bakkiesblad is ’n virtuele bymekaarkomplek, ’n kuierplek. Sommige mense sien dit as ’n groot euwel, ander as ’n wonderlike kommunikasiemiddel. Maar wees gewaarsku: Verkeerde en oormatige gebruik kan jou in die sop laat beland.

Bakkiesblad is in 2004 begin deur ’n student aan Harvard, Mark Zuckerberg. Die gewildheid daarvan het eksponensieel gegroei, en vandag is daar 600 miljoen gebruikers in bykans 70 tale regoor die wêreld!

Daar is heelwat voordele aan hierdie kommunikasiemiddel verbonde. Jy skep self ’n persoonlike profiel, kan mense as vriende byvoeg en sodoende boodskappe onder mekaar uitruil en verskillende sake bespreek. In die proses kan jy ou vriende opspoor en in aanraking met familielede bly. Jy kan vinnig korrespondeer en op *gesels* of *chat*, soos dit bekendstaan, kan jy met ’n vingerklik kommunikeer met ’n vriendin in Australië, seun in Engeland en Ma in ’n ander provinsie (almal nog terselfdertyd ook!). Ouma kan met haar kleinkinders in aanraking bly, die matriekafskeidrok gadeslaan, kêrels deurkyk (en deurlees), deel in kleinkinders se kalwerliefde en dan nog sommer vinnig ’n paar vermanings deurtik van *oppas vir rooihakskeen-koors*! Die eerste foto’s van ’n nuwe aankomeling word male sonder tal binne die eerste paar minute van geboorte trots op hierdie forum gedeel.

Daar kan vingerklikvinnig ingeskakel word by kerkgroepe, gemeentes, organisasies en boekbesprekings. ’n Krabbel-maat is altyd beskikbaar, ons word herinner aan vriende se verjaardae, kry of gee raad oor kinderopvoeding, kan deel wees van ’n ondersteuningsgroep – noem maar op, die groepe is daar.

Facebook kos jou net jou datagreepverbruik (die internet-ekwivalent van lugtyd vir selfone). Daar is verskillende internetkontrakte beskikbaar, kliek gerus op Telkom of enige van die ander diensverskaffers en vind uit wat jou sak of verbruik gaan pas.

Soos dit nou maar in die lewe werk, het elke afdraand sy opdraand en is daar dus nadele ook. Mense wat in jou profiel kom rondkrap met slegte intensies, is jou grootste kopseer. Dit kan jy egter hokslaan deur by jou privaatstellings aan te dui dat slegs jou vriende jou profiel en inskrywings kan lees. (Gaan na *stellings* en merk *net vriende*.)

Dan moet jy egter ook seker maak dat jy jou vriende wat jy aanvaar, kan vertrou. Party mense dink dit is wonderlik om baie vriende op hul profiel te hê, maar die oomblik dat jy ’n persoon toelaat wat jy nie ken nie, is dit soos om ’n onbekende persoon in jou huis toe te laat terwyl jy met vakansie is. Een persoon gaan jou huis mooi oppas en selfs jou plante water gee, terwyl ’n ander jou huis, gesin en naam groot skade kan berokken.

- MOENIE sommer enigiemand as vriend aanvaar nie.
- MOENIE al jou inligting beskikbaar stel nie, veral nie jou geboortedatum en fisiese adres nie.
- MOENIE dinge sê of op jou profiel plaas waaroor jy

later spyt kan wees nie. Onthou, dit is ’n elektroniese sosiale openbare netwerk.

Wees versigtig vir te veel tyd op die internet, dit kan verslawend raak! Stel vir jouself spertye en hou daarby. Maak seker dat jou ware bakkies sonlig kry en dat jy genoeg vars lug inasem, anders gaan jy definitief vierkantige oë, plat longe en skeelhoofpyne ontwikkel. En dan gaan niemand in jóú bakkies wil vaskyk nie.

Hoe skep ek ’n profiel?

(Om op Bakkiesblad te kom, moet jy eers ’n internetrekening hê.)

A Gaan soos volg te werk om ’n internetrekening te skep:

1. Kliek op jou internetblaaier (*browser*), byvoorbeeld Chrome, Internet Explorer, Moxilla Firefox).
2. Nou tik jy mail.google.com in jou adresblaaier (bar) in en druk *enter*.
3. Kliek regs onder op *Skep ’n rekening* (*Create an account*).

4. Vul jou naam en daarna jou van in.
5. Vul jou e-posadres in (dit wat jy verkies), en kliek op *beskikbaarheid*. (Indien jou adres nie aanvaar word nie, probeer ’n nuwe naam of selekteer een van die voorgestelde name.)



6. Kies ’n wagwoord en vul een keer in. Gebruik ’n alfanumeriese (letters en syfers) wagwoord, maar bêre dit tog net iewers waar jy dit gaan onthou! Herhaal die wagwoord.
7. Kies ’n vraag en beantwoord dit sodat jou wagwoord vir jou gestuur kan word, sou jy dit dalk vergeet.
8. Dui jou land aan.
9. Hertik die woord(e) wat abstrak verskyn. Dit is om te verseker dat ’n persoon, en nie ’n program nie, die adres skep.
10. Lees die dokumentasie en kliek dan op *Ek aanvaar*.
11. Kliek nou op *Wys my rekening*.
12. Jou adres is geskep.

B Bakkiesblad-profiel

1. Maak jou internetblaaier oop.
2. Tik www.facebook.com in jou adresblaaier (*bar*) in en druk *enter*.

3. Vul jou naam, van, wagwoord, e-posadres, geslag en geboortedatum in onder *teken in* en kliek dan op die groen *teken in* knoppie.
4. Word jy vir ’n prentjiekode gevra, vul dan die letters en getalle in wat jy sien. Byvoorbeeld:



5. Kliek nou op *Teken in*.
6. Volg die res van die proses; anders kliek jy op *Mis hierdie stap*.
7. Wanneer jy nou al die inligting verskaf het (vanaf stap 6 is opsioneel), gaan terug na jou e-pos toe en volg die skakel wat Facebook gestuur het. Kliek nou op *Voltooi intekening*.

Onthou: Alles is maklik as jy die instruksies wat op die skerm self gegee word, lees.

Nasionale NHSV Kongres 2011

Dit is met groot opgewondenheid dat die NHSV uitsien na die 46ste Nasionale NHSV Kongres wat van 6 tot 8 Oktober 2011 by Gemeente Wonderboom, Pretoria, gehou word. Die tema van die Kongres is *Vrou, kniel sodat jy kan opstaan...*

Tydens die Kongres sal talle beskrywingspunte voorgehou word waaroor die NHSV moet besin en besluite neem. Annette Smit het die beskrywingspunte opgesom en dit word in twee aflewerings geplaas, waarvan hierdie die tweede is.

Akkommodering van gestremde persone

Gemeentes word opgeroep om 'n omvattende strategie vir die akkommodering van fisiese en emosioneel gestremde persone in plek te kry. Verstandelik gestremde kinders moet in hoofstroomonderwys geakkommodeer word. Hierdie kinders is uiters kwesbaar en baie blootgestel.

Hierdie beleid van die Staat het wel positiewe gevolge. Hierdie kinders word nou meer deel van die normale gang van die gemeenskap. Hul menswaardigheid word grotendeels erken. Tog is daar groot uitdagings – ook aan die Kerk. Die Kerk se roeping sal wees om gestremde persone en die gemeenskap te bemagtig om hierdie normalisering te laat vlot. Die volgende rolspelers in die Kerk dra by tot die normalisering:

Die predikant

- Dra die boodskap uit dat hierdie omstandigheid niemand se skuld is nie.
- Hou gestremde hoorders in ag in die prediking.
- Begelei die gesin en ander kinders om besondere uitdagings te hanteer.
- Sien die gestremde as persoon raak en reik uit.

Die kerkraad

- Wykskerkraad skakel gereeld met die gesin en hou die predikant op die hoogte.
- Almal in 'n wyk moet by kontaksessies betrek word.
- Bou spesifieke sensitiwiteit op en ondersteun met deernis.

Kategete

- Daarstel van kategesemateriaal vir gestremde kinders en begeleidende materiaal vir gesinne en kategete.
- Die unieke behoeftes van die gestremde katkisant moet plaaslik ernstig benader word.

Lidmate en diensgroepe moet bemagtig word om in elke situasie die unieke behoeftes van gestremde persone te identifiseer en te hanteer.

Uitbreiding van die Beurs- en Leningsfonds/ Projek Toekoms

Die NHSV Hoofbestuur en takke verbind hulself tot die drastiese en doelbewuste uitbreiding van die Beurs- en Leningsfonds van die Hoofbestuur.

Dit word moeilik vir studente om beurse en lenings te bekom. Alle lidmate word aangemoedig om by te dra, bo en behalwe die deurkollekte van die tweede Sondag van Februarie elke jaar, sodat 'n sterk fonds kan groei waaruit meer Hervormde studente kan baatvind. Skep 'n Projek Toekoms, sodat die verdere onderrig van ons kinders verseker kan wees.

Om 'n Projek Toekoms te skep, moet die fondsbasis van die Beurs- en Leningsfonds vergroot word. Hiervoor sal eksterne bronne ook benut word.

NHSV toekomsvisie

Kniel, sodat jy kan opstaan...

As ons voor God kniel, sal ons nie huiwer om ons medemens te dien nie – om as't ware voor en langs ons medemens te kniel. Die NHSV wil met hierdie beeld van die voetewassing ook haar missie van diensbaarheid binne die gemeentes, Kerk en gemeenskap herbevestig en 'n uitgebreide visie vir die volgende dekades uitstippel:

Nasionale vlak

- Bestuur en dienslewering by die Monument-tehuise.
- Groter finansiële bystand aan Hervormde studente.
- Volgehoue aksies en fondsinsameling vir armoede-verligting.

Die drie-enige God

Werk!

Lees Romeine 11: 25-36

Die eerste Sondag ná Pinkstersondag, waartydens ons die uitstorting van die Heilige Gees herdenk, vier ons Drie-eenheidsondag.

Die kerk vier die drievoudige Naam *Vader, Seun en Heilige Gees* wat tot volle openbaring gekom het. As ons die totale omvang en die aard van die werk van God wil verkondig, kan ons nie anders nie as om hierdie drie Name te gebruik. Die God van die Bybel ís die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. In hierdie Naam word ons gedoop en in hierdie Naam word ons telkens geseën. Die gelowige kan nie anders nie as om op hierdie dag, in besonder, aan die drie-enige God al die lof, eer en aanbidding te bring.

Om oor die Drie-eenheid te praat, is nie maar net ’n ingewikkelde teologiese gesprek wat weinig betekenis vir ons geloofslewe het nie! In ons geloofsbelydenis wat ons elke Sondag doen, erken en bely ons die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. In ons daaglikse lewe word dit sigbaar dat hierdie drie-enige God ons lewe beheer. Daarmee druk ons ons verstaan van die werk van God uit: God die Vader en ons skepping, God die Seun en ons verlossing, en God die Heilige Gees en ons heiligmaking. Hierdie werk van God word in Romeine 11: 25 as *’n geheimenis* beskryf. Hierdie geheimenis is egter nie ’n geslotenheid nie. God openbaar Homself juis wanneer Hy in sy genade mense red. Hierdie redding is nie uit eie verdienste of op enige ander wyse moontlik nie. Die verlossing wat Jesus Christus gebring het, is vir elkeen wat in Hom glo ’n vaste werklikheid. Die onbegryplike, vir ons as mense, lê in vers 29 se woorde: *As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.*

Wanneer ons hierdie genadegawe reg en regtig verstaan, kan daar by ons geen ander reaksie wees nie as lof en eer tot God. Daarom die treffende loflied in dié gedeelte (Rom 11: 33-36). Die rykdom, wysheid en kennis van die drie-enige God is onnaspeurbaar. Niemand kan aan God ’n guns bewys wat God sou verplig om weer ’n guns terug te bewys nie. God het in sy onbeskryflike liefde die grootste gawe van alle tye gegee: sy enigste Seun, Jesus Christus. Wanneer Jesus Christus die wil van God hier op aarde tot die laaste – die dood aan die kruis – uitgevoer het, stuur God vir ons die Voorspraak, die Heilige Gees. Hierdie liefdesdaad van God laat ons gelowig uitroep: Uit God en tot God is alle dinge! Aan God behoort die heerlikheid tot in ewigheid!

U en ek wat Sondag vir Sondag ons geloof in hierdie drie-enige God bely, kan nie anders nie as om dag vir dag met ons hele lewe aan Hom alleen toegewy te lewe. Kom ons maak hierdie woorde ons gebed:

O diepte van die rykdom van wat U ken en weet!
Geen skepsel kan daar bykom, die omvang daarvan meet.
Wie ken ooit u gedagte; by wie gaan soek U raad?
U heers oor alle magte; U’s groot in woord en daad!

Uit U en deur en tot U is alle dinge, Heer.
Bepaal Ú nie ons lot nie al sou ook wat gebeur?
Geen toeval skend u werke, en kom ook hier my tyd,
sal ek by U, o Sterke, mag bly in ewigheid. (LvdK 469)

Vervolg vanaf bladsy 32

- Ondersteuning aan gestremde leerders en hul gesinne.
- Voortgesette samewerking en ondersteuning aan die Kerk en ADV rakende al die tehuise en instansies.
- Inklusiewe betrokkenheid van alle vrouelidmate.

Streek- en Ringsvlak

- Sinvolle, aktuele streekbyeenkomste vir vrouelidmate.
- Groter samewerking en ondersteuning aan RDV’s om barmhartigheidsprojekte te laat slaag.

Gemeentevlak

- Vind kreatiewe maniere waarop die NHSV kan bly funksioneer in ’n veranderde omgewing met eiesoortige omstandighede.
- Vestig ’n sterker vrouebediening in gemeentes.
- Groter samewerking binne gemeenteverband tussen die NHSV en die diakens.